
# Thiatire Gemeente




**Toepas in my lewe:**

**Kompromie is baie gevaarlik.**

**Wat doen ek as ek tussen my vriende is?**

**Openbaring 2:18-29**

**= Die kerk met die valse Profetes – Isebel**

**Thiatire is gevind deur Alexander die grootte en het dit gebruik om sy soldate te stasioneer.**

Thiatire was 'n gemiddelde dorp. 'n Gewone dorp soos die een waar ek en u bly.

Kan u onthou wie was die Purpur verkoopster in die Nuwe Testament?

___________________________________

**Handeling 16:14 "En 'n vrou met die naam van Lídia, 'n purperverkoopster van die stad Thiatíre, 'n godsdienstige vrou, het geluister; die Here het haar hart geopen om ag te gee op wat deur Paulus gesê is."**

Dit is 'n stad wat ryk was in die tekstiel bedryf. Hulle water was baie ryk aan minerale en hul silwer en brons was ook baie gewild. Hulle werk was baie vernaam in die hele wêreld

Die afgod wat hier aanbid is, is Apollo die son god. ☹

Groot feeste is in die tempel gehou en as jy jouself onttrek van die feeste kan jy jou werk verloor. Dit was letterlik 'n geval van Jesus of my werk….Hulle het geglo dat jy hul afgod kwaad maak en hulle jou dan moet afsny. Elke volgeling van Jesus moes 'n keuse gemaak het.

Die kerk was aan die groei. Jesus sê vir hulle **" …dat jou laaste meer is as jou eerste."** V19

Maar daar was 'n gevaar in hulle midde.

MOET NOOIT DINK….dat wanneer jy vir die Here wil werk of leef, dat alles nou net maanskyn en rose gaan wees nie. Ons het 'n vyand wat aktief besig is.

In vers 20 lees ons van Isebel. Sy het mense binne die kerk verlei en mislei. Ons is nie seker wat sy gesê het nie, maar Jesus noem haar Isebel. Onthou u wie was Isebel in die Ou Testement?

Ja, sy was Koning Agab se vrou. Isebel het omtrent naam gemaak….'n naam wat ons nie sommer in ons samelewing raakloop nie. 1 Koning 19-21

Jesus moedig hulle aan om nie na Isebel te luister nie, maar dat hulle sal vashou aan wat hulle het in vers 25.

God identifiseer Homself in die begin van die gedeelte as die SEUN VAN GOD.  V18

En in vers 29 belowe Jesus aan hulle die Môrester **= Jesus self**

Ewige Gemeenskap met Jesus Christus. Vir ewig in Sy teenwoordigheid in die plek wat Hy vir ons voor gaan berei het.

Dit is vir ons as mens van die 21ste eeu moeilik om werklik te besef wat dit is om enige iets of iemand van minder waarde te ag as Jesus. Dit beteken nie, ons mag nie ons mense liefhê of hoog ag nie, maar dat ons hulle nie meer sal liefhê as Jesus nie.

Hierdie klein kerkie kry die belofte dat as hulle oorwin dat hulle sal regeer.

Die prys om nou te betaal is dalk soms groot en moeilik maar dit wat vir ons wag kan nie daarmee vergelyk word nie.

2 Korinthiers 4:17

________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________

_____________________________________________________________________________

Maak hierdie teksvers jou metgesel hier op aarde. Ons moet onsself gedurig herinner waaroor dit werklik gaan. Daar waar ons by ons huise en werksplekke is, onthou om nie kompromie te maak met die wêreld nie. Die druk raak al hoe groter en die stemme al hoe meer.

So baie “christene” verklaar God se Woord buite konteks of skakel God se Woord sommer heeltemal uit en steun op visioene en drome….

Bly in God se Woord en vra God om jou ondersekeidingsvermoë te gee sodat ons in die liefde van Christus kan wandel en Hom sodoende behaag en volhard…..totdat Hy ons kom haal.